

Vrydag 1 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-11; HK Sondag 1, vraag 1

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-4

Op soek na ware troos

Daar is seker geen mens wat nog nooit behoefte aan troos gehad het nie – troos nie slegs deur oppervlakkige mooi woorde nie, maar egte troos wat jou ná ontsteltenis weer kalm en rustig maak; troos wat jou moed gee om die lewe met al sy probleme weer aan te durf.

As 'n mens voorspoed beleef en die lewe sy normale gang gaan, het jy gewoonlik nie behoefte aan troos nie. Maar in krisis, as jy ang en smart belewe, begin jy bykans outomaties en soms hartstogtelik na troos, na leniging van jou smart te soek. Jy soek na iets wat die verdriet wat jy ervaar, minder pynlik laat voel.

Wat is troos dan? Ursinus, die opsteller van die Heidelbergse Kategismus, sê dat troos eintlik 'n *teëwig* is. Sy siening in dié verband kom op die volgende neer: *As daar leed en droefheid in jou lewe kom, maar daarteenoor kan iets moois en iets goeds gestel word wat groter is as die leed en droefheid wat jy ervaar en dit oorskadu, dan vind jy troos.*

Troos is volgens die Bybel nie bloot 'n saak van gevoel nie, maar veral van kennis (Jes. 51:12; vgl. HK vr 2). Jy moet goed weet wat die droefheid in jou lewe veroorsaak, maar dan moet jy ook 'n deeglike kennis hê van die goeie wat jou droefheid oorskadu.

Waarom het ons troos nodig? Die sonde is die oorsaak van die mens se behoefte aan troos. Voor die sondeval het die mens geen behoefte aan troos gehad nie, want hy het in 'n intieme, ongesteurde gemeenskap met God gelewe – God wat die bron van ware geluk en vreugde is. Die breuk met God deur die sonde is die oorsaak van al die leed, lyding, tranen en die dood. Dit het daartoe gelei dat die mens met 'n brandende hart na troos begin soek het.

Dit is nou hierdie troos wat God uit genade en om Christus ontwil deur sy Heilige Gees aan ons skenk. Daarom praat Paulus van Hom as “die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking”.

God troos ons egter nie met mooiklinkende, maar leë woorde, nie; nee, Hy troos ons deur sy magtige daad van verlossing toe Hy uit liefde vir ons sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16).